William Shakespeare

Spoke, woeste gevegte, moorde en drama, drama, drama. Dit kan jy alles in sy **toneelstukke** vind. Daar's meer aksie in sy **dramas** as in die sepies waarna mense so graag kyk! Van wie se toneelstukke praat ons?

Wel, hierdie man is meer as 400 jaar gelede gebore en het 'n groot invloed op die toneelwêreld en **letterkunde** gehad. Sy naam was William Shakespeare (1564-1616) en hy is al telkens as die wêreld se beste **dramaturg** geloof. [1] Daar is immers al meer van sy toneelstukke as van enige ander dramaturg opgevoer.

Sy ouers sou nooit kon droom dat hul seuntjie van 'n dorpie in Engeland so wêreldberoemd sou word nie. En dat kinders en studente in die 21ste eeu steeds sy werk sou bespreek en dat daar talle boeke, flieks en TV-programme oor sy lewe en werk gemaak is.

Grootwordjare

Ons weet nie presies op watter dag William Shakespeare gebore is nie, maar ons weet wel hy is in die jaar 1564 op die dorp Stratford-upon-Avon in Engeland gebore. Sy verjaardag word vandag wel tradisioneel op 23 April gevier en dit was ook sy sterfdatum in 1616. [1]

Shakespeare se pa was John Shakespeare en sy ma se naam was Mary Arden. Sy pa het allerlei verskillende werke gehad. Hy het onder meer geboer, met leer gewerk, houtwerk gedoen en was ook in 'n stadium die burgemeester van sy dorp. Hy het egter in 'n skuldstrik getrap en groot geldprobleme gehad. William het drie jonger broers en twee jonger sussies gehad. [2]

Daar bestaan nie meer inligting oor skole van daardie tyd nie, maar daar was glo ’n goeie skool in die omgewing waar hy Latynse grammatika en klassieke werke kon geleer het.

Hy het op 18-jarige ouderdom met Anne Hathaway (1556-1616) getrou. Sy was agt jaar ouer as hy. Hulle het ’n dogter, Susanna, gehad en daarna ’n tweeling, Hamnet en Judith. Hamnet is op 11-jarige ouderdom oorlede. [2]

Sy ‘verlore’ jare

Geskiedkundiges verwys na die jare tussen 1585 en 1592 as Shakespeare se ‘verlore’ jare omdat daar geen boekstawing daaroor bestaan nie. Ons weet dus nie watter werk hy in daardie sewe jaar gedoen het nie. Party mense dink hy was ’n onderwyser en ander dink weer hy het regte studeer. Nog ’n klomp beweer hy het saam met ’n toneelgroep gereis. Volgens een gerug moes hy ook uit die dorp vlug omdat hy ’n politikus se wildsbok gesteel het! Ons weet wel dat hy teen 1592 as ’n akteur gewerk het, verskeie toneelstukke geskryf het en al genoeg tyd in Londen deurgebring het om oor die stad en sy mense te kan skryf. [2]

Shakespeare se werk

Die jaar 1592 was die jaar toe builepes (ook die Swart Dood genoem) baie lewens in Londen geëis het. Builepes word deur vlooie van rotte en ander knaagdiere oorgedra en mense het ’n grusame dood binne gesterf. Gelukkig kan dit vandag deur antibiotika behandel word.

Openbare plekke soos teaters is gesluit om verspreiding van die siekte te keer. Shakespeare kon dus nie werk nie en het sy hand aan gedigte gewaag.

Sy eerste verhalende gedig “Venus en Adonis” is toe geskryf en is aan sy vriend Henry Wriothesley, die graaf van Southampton, opgedra. Shakespeare se

versameling van sonnette is in 1609 uitgegee. Hy het uiteindelik omtrent 150 gedigte skryf.

Londen se teaters het in 1594 heropen en Shakespeare was in daardie stadium deel van ’n toneelgroep, Lord Chamberlain’s Men. Hulle het dikwels toneelstukke vir koninklikes opgevoer. Shakespeare het ook betrokke geraak by die teater se sakebedrywighede en dit het van hom ’n welvarende man gemaak.

The Globe Teater

Shakespeare het in sy leeftyd ongeveer 37 toneelstukke geskryf. Dit is egter net ’n beraming, want baie van sy werk het deur die jare verlore gegaan en daar word ook gespekuleer dat hy van sy werk saam met ander dramaturge kon geskryf het.

Sy toneelstukke kan in drie kategorieë verdeel word: **tragedies, komedies** of geskiedkundige dramas. In sy tragedies sien ons hoe die hoofkarakter tot ’n val kom, soos in die bekende *Hamlet*, *King Lear* en *Macbeth*. Komedies is toneelstukke wat snaaks is, en sy bekendes is *A Midsummer Night’s Dream*, *As You Like It*, en *The Taming of the Shrew*. Sy geskiedkundige dramas gaan oor van Engeland se magtigste konings, soos Henry IV en Richard II.

Shakespeare het in ongeveer 1610 afgetree en na sy tuisdorp Stratford-upon-Avon teruggekeer. Hy is op 23 April 1616 op die ouderdom van 52 jaar oorlede en hoewel dit vir ons jonk klink, was die lewensverwagting in sy tyd tussen 30 en 40 jaar. Sy dogter, Susanna, het glo omtrent alles van hom geërf.

Daar is al dikwels gesê dat ’n plattelander van daardie tyd onmoontlik so goed soos Shakespeare oor geskiedenis of koninklikes geskryf het. En daarom is daar mense wat glo dat iemand anders Shakespeare se naam gebruik het en dat dit nie regtig Shakespeare was wat alles geskryf het. Daar is egter baie geskiedkundiges

wat nie saam met hulle stem nie, maar wel glo dat dit Shakespeare was wat dit geskryf het, maar dat hy wel saam met ander dramaturge kon gewerk het.

Daar word gesê dat Shakespeare meer as enige skrywer in die geskiedenis die Engelse taal beïnvloed het. Hy het baie Engelse woorde en frases gewild gemaak, soos “fashionable”, “sanctimonious”, “eyeball” en “lackluster” asook die uitdrukkings “foregone conclusion”, “in a pickle”, “a wild goose chase” en “one fell swoop”. [2]

Shakespeare in Suid-Afrika

Shakespeare se werk is al in minstens 80 tale vertaal. Die eerste amptelike vertaling van Shakespeare se werk in ’n Suid-Afrikaanse taal is deur Solomon T. Plaatje onderneem. Hy was een van die stigterslede van die South African Native National Congress (later die ANC).

Plaatje is in Brittanje gevra om ’n stuk na Setswana te vertaal wat in die internasionale *Book of Homage to Shakespeare* (1916) verskyn het. Plaatje het uiteindelik ses van Shakespeare se toneelstukke vertaal: *Diphosho-phosho* (*The Comedy of Errors*), *Mashoabi-shoabi* (*The Merchant of Venice*), *Matsepa-tsapa a Lefeala* (*Much Ado about Nothing*), *Dintshontsho tsa bo-Juliuse Kesara* (*Julius Caesar*), *Othello* en *Romeo and Juliet* (wat nie ’n Setswana-titel gehad het nie). Daar is daarna nog tekste vertaal, maar nie almal is meer beskikbaar nie.

B.B. Mdlelele se isiXhosa-weergawe van *Julius Caesar* is glo besonders en so ook R.L. Peteni se isiXhosa-boek *Hill of Fools / Kwazidenge* (1976/1980) wat op *Romeo and Juliet* gegrond is.

Welcome Msomi se *uMabatha* (*Macbeth*) in Zoeloe is ook baie bekend.

Heelwat Afrikaanse skrywers het ook Shakespeare se werke na Afrikaans vertaal. Uys Krige het byvoorbeeld *Twelfth Night na Twaalfde Nag* (1967) vertaal. Breyten Breytenbach het *Titus Andronicus* (1970) vertaal asook Andre P. Brink. Eitemal het heelwat vertalings gedoen, soos *Macbeth* (1965), *Hamlet* (1973), *Midsomernagdroom* (*A Midsummer Night's Dream*, 1975) en *Die Wintersprokie* (*The Winter's Tale*, 1975). [3]

Woordbank

dramas	Gebeurtenis met dramatiese elemente of 'n direkte voorstelling deur handeling, dialoog, mimiek en gebare van menslike gebeure.
dramaturg	Iemand wat toneelstukke skryf. [9]
komedies	'n Grappige vertoning.
letterkunde	Dit is geskrewe werke, veral dié waarvan die waarde lê in die skoonheid van die taalgebruik.
oeuvre	Die gesamentlike werke van 'n kunstenaar of geleerde.
toneelstukke	'n Verhaal wat deur 'n groep toneelspelers op 'n verhoog opgevoer kan word.
tragedies	'n Toneelstuk waarin die hoofkarakter ten gronde gaan of hartseer eindig.
truuks	(Skelm)streek; slim plan om iemand te uitoorlê.
welvarend	Dit is iemand wat welgesteld (ryk) is.

Lees hierdie artikels om meer oor William Shakespeare te leer

- **'n Biografie oor Shakespeare**
- **Interessante feite**
- **Inligting oor Shakespeare**

Kyk hierdie video’s om meer oor William Shakespeare te leer

Feite oor William Shakespeare

Wie was William Shakespeare?